Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 19 Junie 1946. No. 30.

# Boer Betaal 64 Maal Duurder Vir Eie Produk

## ONTSAGLIKE WINS OP WOL

***Die prys wat die boer vir sy vetwol ontvang en dié wat die verbruiker vir wolgoedere moet betaal, is buite alle verhouding. Die kleremaker ontvang vandag 64 maal of 6,400 persent meer vir die pak klere wat hy aan die boer verkoop as wat die boer vir dieselfde hoeveelheid wol ontvang.***

Die prys van 'n pak wolklere beloop tans enigiets vanaf £16 tot £20. Vir die vervaardiging van die bietjie meer as drie jaart materiaal wat nodig is om 'n pak klere te maak, is ongeveer 4 pond wol nodig. **Hiervoor ontvang die boer sowat 5 sjielings. Gereken teen 'n gemiddelde prys van 30s. per jaart, kos die materiaal van een pak klere die snyer £5. Die maakloon hieraan verbonde is 47s. Die totale koste is dus ongeveer £8. Vir dié pak klere betaal die klant van £16 tot £20 as hy dit van die snyer ontvang.**

Wat verhouding betref, het die posisie voor die oorlog nie veel verskil nie. Die gemiddelde prys van 'n jaart materiaal het nie meer as 12s. beloop nie. Die totale koste verbonde aan 'n pak klere, insluitende die maakloon wat 26s. was, was bietjie meer as £3. Gedurende hierdie jare het die boer ook heelwat minder vir sy wol ontvang. Van die voor-oorlogse jare tot nou in die na-oorlogse tydperk, was daar dus 'n prysstyging van 250 persent.

### OORSAAK

Die oorsaak van die wanverhouding tussen die prys wat die boer vir sy wol ontvang en wat hy daarvoor moet betaal lê deels in die feit dat die Unie nie sy eie wol verwerk nie en deels daarin dat die kleremakers 'n buitensporige wins op elke pak klere maak. Tydens die oorlogsjare het kleremakers groot plase aangekoop ten einde belasting vry te spring. Dis 'n bekende feit.

Daar bestaan in Suid-Afrika geweldige moontlikhede vir die afset van wolprodukte as dit binne die bereik van die gemiddelde en laagbesoldigde groepe gebring word. Onder die huidige omstandighede is dit nie moontlik nie. Die arm man moet eenvoudig van katoenprodukte gebruik maak omdat hy nie wolgoedere kan bekostig nie.

Etlike jare gelede is daar in Australië die moeite gedoen om ondersoek in te stel na die verskil in die prys van vetwol en van klaar vervaardigde wolartikels. **Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n prysvermeerdering van 3,800 persent was. In die Unie is die prysvermeerdering tans 6,400 persent.**

# Teenpropaganda Op Terrein van Kommuniste

**Onderwyl die Joodse sprekers van die Springboklegioen verlede Woensdag in Kaapstad besig was om hul „anti-fascistiese" propaganda teen die O.B. onder die neus van die publiek te druk, het jong Afrikaners anti-kommunistiese pamflette onder die gehoor en verbygangers uitgedeel. Die publiek het dit met gretigheid geneem. In sommige gevalle het persone aanvanklik geweier om dit te neem, maar as aan hulle vertel is dat dit anti-kommunistiese pamflette is, het hulle dit met graagte ontvang.**

Jodinne het probeer om die agterstand van die Kommuniste in te haal deur net so vinnig pamflette uit te deel as die Afrikaners, maar die straat was gou bestrooi met hul geel pamflette omdat die publiek geweier het om dit te neem. Daarenteen is die kommunistiese pamflette gretiglik deur die baie kleurlinge en naturelle wat teenwoordig was, geneem. Dit het alte duidelik geblyk dat die propaganda van die Kommuniste nie in die smaak van die omstanders geval het nie. **Engelssprekende omstanders het smalend van die betogers gepraat: „Just look at his nose," het een aan sy vriend gesê.**

Oud-soldate het nie geskroom om hul wantroue in die Springboklegioen, wat sogenaamd 'n oud-soldate-organisasie is, te laat blyk nie.

Tandeknersend het die sprekers beduie dat die „fascistiese" omstanders nie hulle vriende is nie en dat met hulle afgereken sal word. Hulle het die regering daarvan beskuldig dat hy traag is om op te tree en daarom neem die Springboklegioen sake nou in hul eie hande. Telkens wanneer die betogers op hulle ernstigste was, het lede van die publiek hulle openlik uitgelag en weggestap.

Sommige van die sprekers het probeer om Afrikaans te praat, maar dit was so geradbraak, dat dit die omstanders geamuseer het. Toe een van die spekers sy toespraak in Afrikaans aflees, het die uitspraak soveel te wense oorgelaat dat hy die laaste deel van sy toespraak sommer maar stomp gesny het. Sy spraak het hom bekend gemaak.

Lede van die Kaapstadse O.B.-Wag het Die O.B.-blad aan die omstanders verkoop. Dit is gretiglik deur die publiek geneem.

### HEEL VOOR

Die politieke korrespondent van die Cape Times berig dat die regering uitnodigings na Engeland, Frankryk, Holland, België, Denemarke, Noorweë en Griekeland gerig het om weeskinders na die Unie te stuur. Die oogmerk is om 5,000 sulke kinders te ontvang. Die korrespondent voeg daaraan toe:

„Die eerste groep bevat 400 Joodse weeskinders."

### KRANKSINNIG GEWORD

Nege-en-twintig Duitsers wat deur die Unie-regering in interneringskampe gehou is, het in kranksinnige gestigte beland, volgens 'n antwoord van die Minister van Justisie in die parlement. In die kampe is daar 61 Duitsers oorlede.

**RANTSOENERING IN AUGUSTUS:** Die Direkteur van Voedsel, dr. H. J. van Eck, het meegedeel dat die voedselorganisasie sy bes doen om die rantsoenering van skaars voedselsoorte vroeg in Augustus moontlik te maak.

# Soek Voedsel



Weens die hongersnood in Hongarye kry huisvroue in die groter stede baie moeilik om iets vir hul gesinne voor te sit. Gevolglik gaan hulle na die platteland op soek na kos, maar aangesien hulle nie geld het nie, moet hulle goedere soos ou klere, linne, ens. neem om die kos te ruil. Op die treine wat in die land oorgebly het, is egter baie min plek, met die gevolg dat hulle maar bo op die rytuie se dakke klim. Sommige sit selfs op die kant van die lokomotief. Onderwyl hierdie Russies-besette land so'n gebrek aan voedsel het, is verlede week in Moskou aangekondig dat die voedselrantsoenering in Rusland opgehef gaan word.

## *Bevin Kla Oor Stugheid*

Die Britse minister van buitelandse sake, Ernest Bevin, het in die afgelope week in sy toespraak op die konferensie van die Arbeidersparty erken dat Engeland magteloos staan teenoor die ongenaakbare beleid van Rusland teenoor sy eertydse oorlogsbondgenote.

„As ons nie wederkerigheid kan verkry nie, wat kan ek doen? Ek kan tog nie tot oorlog oorgaan en hulle dwing nie", het hy wanhopig verklaar. „Wat kan ek doen? Ek het samesprekings met die ambassadeur gehad, maar julle sien dat ek nêrens kom nie. Ek kan niks definitiefs bereik nie", het hy met uitgestrekte arms gesê.

Britse nuusblaaie plaas alle toesprake van Russiese leiers, het Bevin voorts gesê, maar die toesprake wat hy in die Laerhuis gehou het, het nie in Russiese dagblaaie verskyn nie. Die Russiese volk word in die duister gehou. Ook die voorstel wat hy aan Rusland gedoen het vir 'n regstreekse lugdiens tussen Londen en Moskou, het die Russe van die hand gewys en verklaar dat Britse vliegtuie alleen in besondere gevalle in Russiese gebied toegelaat sal word.

# Gevaar is Duitse Handel — Nie Nazisme

*Daar heers groot besorgdheid onder Britse fabrikante van Wol-tekstielware oor die besluit van die vier groot moondhede om Duitsland toe te laat om teksielware te produseer en uit te voer, meld Sapa. Die Britse fabrikante is bang vir die Duitse mededinging en vrees dat hulle mark daardeur sal skade ly.*

Kamers van koophandel het aan die Britse Regering geskryf en gesê dat indien dit toegelaat word dat Duitsland tekstielware produseer, daar werkloosheid in hierdie bedryf in Engeland sal wees. Na verneem word sal Duitsland toegelaat word om jaarliks 130,000 ton tekstielware vir uitvoerdoeleindes te vervaardig.

## *Miljoene In Kamp*

Die Geallieerde owerheid hou miljoene Duitsers nog in die konsentrasiekampe nieteenstaande die oorlog al meer as 'n jaar gelede beëindig is. Daar is tans nog 4,500,000 Duitsers in die kampe van die veroweraar. Dit is bereken dat Rusland nog net 500,000 van sy meer as 3,000,000 geïnterneerdes vrygelaat het. Amerika het sy geïnterneerdes verminder tot sowat 750,000, terwyl Brittanje ongeveer 300,000 Duitsers in die kampe aanhou. Hulle verrig slawe-arbeid.

# Verdieping vir Elke Gesinslid van V.S.A.-Luitenant in Duitsland

Onderwyl die Duitsers in die besette Duitsland hulle tevrede moet stel om in die ruïnes van die bomverwoeste stede en dorpe te woon, woon die oorwinnaar op weelderige wyse in die huise wat staande gebly het.

Die vroue van Amerikaanse soldate wat pas in Duitsland aangekom het, kan, volgens Time, nie genoeg van die weelde en gemak wat hulle geniet, praat nie. **Die vrou van 'n Amerikaanse luitenant het verklaar dat sy en haar man en een kind in 'n huis van tien vertrekke woon. Die huis is uiters modern ingerig en het nie minder as drie badkamers nie — een op elke verdieping.** Die vrou van hierdie luitenantjie, wat blykbaar nie aan veel gewoond is nie, was hoogs in haar skik met die baie bediendes wat sy het. Daar is 'n tuinier en 'n huishoudster en sy het in die vooruitsig gestel om 'n kindermeisie ook in diens te neem. Sy het verklaar dat sy nooit so iets in Amerika geken het nie.

En onderwyl hierdie ongekende weelde deur Amerikaanse soldate geniet word, woon die Duitse volk in skuilkelders en murasies!

# Politieke Regspleging Teenoor Duitse Unie-Burgers

## Wet Deur Parlement

**Die Deportasie-wetsontwerp waardeur die Minister van Binnelandse Sake die mag verkry om enige genaturaliseerde Duitser na die buiteland te deporteer, is verlede week onder hewige protes van die Opposisie en sommige regeringslede finaal deur die volksraad geloods. Dit beteken dat die tweede swaarste straf wat 'n burger opgelê kan word, naamlik verbanning uit sy vaderland, voortaan deur 'n politieke minister toegepas word in plaas van deur die hooggeregshof.**

Die Duitsers wat gedurende die oorlog in die kampe gesit het, kom eerste in aanmerking vir deportasie uit Suid-Afrika. Al die besware wat geopper is, het op dowe ore geval.

Van Verenigde Party-kant het mnr. J. H. Russell hom veral sterk uitgelaat oor die onregverdige maatreël van die regering. Hy het verklaar dat hy nie kan swyg nie omdat die hele wet 'n onregverdigheid is. Hy het verklaar dat hy die wetsontwerp saam met ander lede bespreek het. Hulle voel dat alle persone wat nie Suid-Afrikaners wil word nie, onwelkom moet wees en verban moet word, maar alleen binne die perke van die wet. Gedurende die oorlog, het hy verklaar, is die demokratiese beginsel laat vaar omdat daar geveg is vir die behoud van die lewe, **maar dit is nie 'n metode om die vrede te wen nie. Daarvoor is die beginsels van die Christendom en die demokrasie daar.** Demokrasie beteken billikheid vir almal. **„As ons die demokrasie wil behou, moet ons die regspleging los van die uitvoerende gesag hou. Die kern van die Nazisme is vir my dat die regspleging daar 'n werktuig van die uitvoerende gesag geword het," het mnr. Russell verklaar.**

'n Mens se burgerskap moet iets heiligs wees, en moet nie sonder die reg om 'n beroep op die hof te doen van jou ontneem word nie. **Daar moet onthou word, het mnr. Russell gesê, dat selfs Göring en Hess 'n openbare verhoor gekry het.**

Mnr. H. J. Klopper het verklaar dat die meeste Engelssprekendes in Suidwes-Afrika teen die maatreël gekant is en nie begerig is om die Duitsers te deporteer nie.

## Kwaad

Die propaganda-veldtog van die Ossewabrandwag teen die kommunisties-geörient e e r d e Springboklegioen het van onverwagte kant misnoeë uitgelok. Mnr. Eric Louw, L.V., het in 'n lang brief in Die Burger teen die O.B. uitgevaar omdat hy pamflette teen die kommuniste uitgestuur het. Hy verwyt die O.B. dat hy in die verlede nie die H.N.P. wou help in sy stryd teen die Springboklegioen en kommuniste nie, maar met hulle gespot het toe hul kongres deur die kommuniste verlede jaar in Johannesburg opgebreek is. Mnr. Louw besluit: „Die Springbok Legion en die O.B. is dus nou besig om mekaar lustig te adverteer. Dit pas in albei se kraam. Hulle vul mekaar aan!"

(Ons wil niks sê oor die verbitterde uitbarsting van mnr. Louw nie, maar ten opsigte van sy bewering dat die O.B. nooit die H.N.P. wou help nie, wil ons net die volgende aanhaal uit ons hoofartikel van 26 Sept. 1945, geskryf na aanleiding van die aanval op die H.N.P.-kongres:

**„In hierdie uur van hernude aanslae van kommunisme, staan die hand van O.B.-vriendskap steeds uitgestrek. In 'n volksfront kan die volk saamveg, homself verweer teen kommunisme en versorg vir die toekoms. As dit die H.N. Party erns is met die stryd van die volk teen die kommunisme, glo ons dat hulle mede-stryders teen die mede-vyande sal verwelkom. Anders moet ons glo dat nogmaals partybelange swaarder weeg as die redding van die volk."**

## Diktatuur

Mnr. J. J. Willemse, Blinkpoort, P.K. Kraal, Tvl., skryf:

Vir 'n paar weke terug is daar 'n regulasie uitgevaardig waarin belet word om meel te sif.

Nou, wat ons plaasboere betref, ons saai koring, en dit vat ons tien maande vandat dit gesaai is tot ons dit in die sakke het. Dit kos ons baie werk voordat ons dit in die sakke het, want dit is oppas, waterlei, voëls jaag, afsny, bind, wegpak en trap. En nadat jy dit met al die moeite in die sakke het, word ons belet om ons eie meel te sif.

Ek het so baie gehoor van diktatuur en altyd was gesê ons moet veg teen diktatuur en vir vryheid. Maar as vryheid so is soos ons teenswoordige regering doen dan weet ek nie waarvoor ons vryheid het nie. Ek as 'n oud-stryder weet van 'n ander soort vryheid as die wat ons nou het. Nou wil ek graag deur middel van u

(Vervolg in vorige kol.)

(Vervolg van volg. kol.)

veelgelese blad 'n beroep doen op alle boereverenigings om daarteen te protesteer Ons is oor niks van ons meer baas nie. Dit is ook die rede waarom so baie boere instroom na die stede, want hulle moed word gebreek deur die huidige regering.

## SOOS ONS LESERS DIT SIEN

## Hulp Aan Duitsers

Mnr. C. Breed, Brits, skryf:

Soos dit skyn, uit baie berigte uit die pers, styg rampspoed en ellende ten hemel in Europa, en veral in Duitsland. Die tekort aan voedsel het 'n magtige bondgenoot gevind in die wraaksug wat soos 'n draak sy kloue orals in die geteisterde mensdom slaan, en skeure nalaat wat te diep is om te vergeet.

Onskuldige kinders het by duisendes die prooi geword van 'n hongersnood wat reeds soos opstygende vlamme alles wil verlind. Dit skyn of in ander lande nog pogings aangewend word om die nood te lenig maar wie sal hulle ontferm oor die Duitse kinders? Hulle swerf sonder ouers, en sonder vriende op die paaie rond, en as hulle nog 'n rantsoen ontvang, dan is dit net genoeg om 'n baie langsame dood te sterf.

Hongerige en moedelose moeders wat vanaf 'n jaar gelede die lewe aan kinders skenk, het net een vooruitsig en dit is dat die hongerdood so spoedig moontlik moet kom en hulle wegneem; maar hulle sal sterk getuies wees teen 'n onversoenlike wêreld. Voorwaar dit lyk nie of God 'n wapenstilstand met die mens wil sluit nie. Sy almagtige geregtigheid kan dit nie toelaat nie; hoe sal Hy ook wanneer die mensdom so baie kinders onder sy voete doodtrap en ander dit stilswyend aanskou sonder om 'n helpende hand uit te reik?

Boerevolk, maak julle nie skuldig aan die een of ander nie, waar daar nou 'n beweging aan die gang is, gryp dit kragtig aan om te help om hierdie kleines te red, waar nog te red is.

Spoor mekaar aan, nee, verplig mekaar om 'n komitee op die dorp gestig te kry wat die leiding op hulle sal neem om fondse in te samel; tree in verbinding met die komitee in Pretoria, Posbus 989, Pretoria, wat sal bly wees om u inligting te gee.

# Neurenberg Begin Op Nugtermaag Brand

**„Die verhoor van die oorlogsmisdadigers het 'n ongelukkige geskiedenis. Dit het begin met groot trompetgeskal en publisiteit. Die aandag van die wêreld was toegespits op die ou Duitse stadjie Neurenberg. Alle soorte spesiale voorbereidings is getref om aan die oë van die wêreld 'n hof ten toon te stel wat wêreldmisdadigers verhoor. Dog Neurenberg kon die aandag van die wêreld nie behou nie", skryf die Engelse blad Trek.**

Dit word duidelik weerspieël, verklaar die blad, deur die wyse waarop die nuusblaaie die verslae van die hof behandel het. In die eerste dae van die sitting is die verhoor elke dag volledig gerapporteer. Maar stadigaan het dit uit die blaaie verdwyn en het net af en toe opgeleef. **Die blad verklaar dat die houding van die koerante ook die houding van die publiek weerspieël.**

Daar word verskeie redes genoem vir die gebrek aan belangstelling van die publiek in hierdie verhoor waaraan in die begin van sy sitting soveel aandag en publisiteit gegee is. Daar word genoem dat die wêreld oorlogsmoeg is na 6 jare van stryd en dat die gevoel van die mense deur die geweldige bombardemente verstomp is vir na-oorlogse onthullings.

### ERGER

„Die Geallieerdes het in elk geval op 'n baie groter skaal stede gebombardeer en burgerlike bevolkings verskrik as waartoe die Duitsers ooit in staat was." Die blad verklaar dat dit daartoe bygedra het om die belangstelling te verflou.

Baie van die argumente wat in die verhoor ingesleep is, was baie onoortuigend. So, verklaar die blad, is daar aangevoer dat die wetenskaplikes wat die V-2 ontwerp het ook as oorlogsmisdadigers verhoor moet word, terwyl die Geallieerdes 'n baie meer vernietigende wapen, die atoombom, gebruik het.

**'n Ander rede vir die groeiende onverskilligheid van die publiek is die feit dat die vernietiging van die Duitse oorlogsmasjien nie die Europese vraagstukke opgelos het nie.**

## Oortreders Van Prysregulasies

In die afgelope week het die magistraat in Kaapstad twaalf persone gevonnis vir oortreding van die prysregulasies. Die name spreek 'n taal.

Alin Kahn is gevonnis omdat hy te veel vir seep gevra het. Mohammed Hoosain is skuldig bevind op ses aanklagte. Die ander beskuldigdes is Jack Ruben, Hassan Lambarey, Nathaniel Bartholomew Austin, H. Gaffoor, Dawood Parker, Rabiya Parker en Ebrahim Chapeker.

Die vonnisse van hierdie persone het gewissel van £10 tot £50.


# Die Kopersbond Beperk

(Geregistreer onder die Maatskappywet 1926)

*Hierdie is nie 'n prospektus nie maar 'n aankondiging dat ons nominale kapitaal nou verhoog is na*

**£1,000,000**

KOPERSBOND bied aan:

1. Veiligheid vir u belegging.
2. Verspreiding van u belegging.
3. Goeie diwidende.

*Met die verhoging van Kapitaal word 50,000 „B" aandele van £5 elk aangebied.*

DIREKSIE:

DR. F. J. KRITZINGER
DR. J. H. PIENAAR
DR. F. F. BORCHARDT
J. N. B. SCHABORT
G. T. ROBERTSON
DR. C. J. S. STRYDOM
J. J. ACKERMANN
DR. H. J. LUTTIG
DR. F. D. DU TOIT-VAN ZYL

*Skryf dadelik om prospektus aan:*

*DIE SEKRETARIS*

# Die Kopersbond Beperk

POSBUS 8363 JOHANNESBURG

# „O.B. Vernaamste Bolwerk Teen Kommunisme"

## *SENATOR SE MENING*

**Sen. I. van W. Raubenheimer het onlangs in die Senaat die Minister van Justisie versoek om toe te sien dat die agitasie van die Springboklegioen teen die Ossewabrandwag stop gesit word. Hy het gesê dat die O.B. die enigste sterk bolwerk teen kommunisme in Suid-Afrika is.**



Sen. I. van W. Raubenheimer.

Sen. Raubenheimer het as volg gepraat:

„Daar is iets anders wat ek onder die aandag van die Minister wil bring. In Die Vaderland van 16 Mei lees ek: „Die Springboklegioen verklaar oorlog en gaan Afrikaners met geweld aanval en uit mekaar jaag." Laat my sê die Springboklegioen het nogal by die begin 'n mate van respek by my afgedwing. Ek het gedag dat hulle almal aan die oorlog deelgeneem het, maar later het ek gevind dat 'n deel van hulle nooit op die oorlogsveld gewees het nie. Watter reg het hulle om met die seuns van Suid-Afrika oorlog te maak? Dit is waar wat die agb. Minister nou die dag gesê het, naamlik vry spraak is een van die beginsels van die demokrasie. Maar wat help dit die Huis en my as die Minister sê vry spraak is een van die beginsels van die demokrasie, terwyl 'n deel van die volk besig is om 'n ander deel die mond te snoer? In hierdie geval wil ek sê dat die Kommunisme baie daarmee te doen het. Of daar samewerking tussen die Springboklegioen en die Kommuniste in Suid-Afrika bestaan, weet ek nie. Dit gaan my ook nie aan of daar samewerking tussen hulle bestaan nie. Ek wil die Springboklegioen die volle reg gee om op te tree in Suid-Afrika, maar dan ook so aan andere. Die blad sê: „Daar is samewerking tussen die Springboklegioen en die Kommuniste".

### BOLWERK

„Die ander dag is die Ossewabrandwag aangeval in hierdie Huis deur Senator Basner. Ek dink dit is laag aan die kant van iemand om 'n ander aan te val wanneer daardie persoon nie teenwoordig kan wees om hom te verdedig nie. Hy het versoek dat die Ossewabrandwag-organisasie in die ban gedoen moet word. Meneer die President, dit is 'n organisasie in Suid-Afrika wat hulle natuurlik dwars in die krop steek. Ek voel oortuig dat die Ossewabrandwag die enigste sterk teenvoeter teen Kommunisme in Suid-Afrika is. As die Minister die dag so ver gaan om sy hand aan die Ossewabrandwag te sit, dan sal dit wees om kommunisme in Suid-Afrika te beskerm. Geen ander doel nie.

„Maar begryp u, hierdie oorlogsverklaring sê dat nòg die Ossewabrandwag nòg die Gryshemde, nòg die Nuwe Orde, nòg die Nasionale Party 'n vergadering aan die Rand sal hou nie. Hoor 'n bietjie. Aan die een kant is dit goed, want dit pas in ons kraal, want op daardie wyse is hulle besig om ons Afrikaners bymekaar te jaag, en as hulle daarin geslaag het, dan sal jy sien waar hulle met hul Legioen vandaan kom."

### ISACOWITZ

„Die blad sê verder dat die ondersoek aan die lig gebring het dat sekere Isacowitz voorsitter van die Springboklegioen is. Ken agb. Senatore hom? Hy is voorsitter van die hoofbestuur van die Springboklegioen. Die blad sê verder dat aan die lig gebring is dat dit veral aan die toedoen van die Springboklegioen te danke is dat genl. Smuts uiteindelik besluit het om die Broederbond in die ban te doen. Daardie Bond is in die ban gedoen en ons weet watter onaangenaamhede daaruit gevloei het. Nou wil die Springboklegioen verder gaan en ook ander organisasies in die ban doen."

Ten slotte het sen. Raubenheimer 'n beroep op die Minister van Justisie gedoen om toe te sien dat hierdie agitasie om die O.B. in die ban te doen, beeindig word.

### GEEN LAERTREK

**Die jaarlikse laertrek van O.B.-lede in Natal wat op 5 Julie in Soeloeland gehou sou word, is weens die haglike droogte in daardie gebied afgestel, na gebiedsgenl. C. A. Pienaar meedeel.**

### *Nuwe Generaals Ingestel*

Gebiedsgeneraal H. M. van der Westhuizen en generale C. W. Rautenbach het 'n offisiersvergadering gehou te Belfast op 25 Mei, ten huise van oud-generaal Theron. Die vergadering was gereël deur hoofgeneraal P. de Wet Wiid vir die Generaalskappe F3 en F11.

Na ete is op spesiale reëling van die Gebiedshoof, die offisiere en lede van die familie na die graf van wyle hoofkommandante De Wit, om hulde te bewys aan die ontslapene, wat net 'n jaar terug opgeroep was tot hoër diens, na 'n lewe van onvermoeide toewyding en diens vir haar familie en volk. Die Gebiedsgeneraal het in 'n kort toespraak melding gemaak van die inspirerende werk van die kommandante en waardering uitgespreek. Daarna het die Generale blomme op die graf geplaas. Tereg staan op die grafsteen: „Sy het gedoen wat sy kon".

Die middag is die twee generaals, H. Neethling vir F3 en P. Kritzinger vir F11, die nuwe generaalskap, met hul staf ingestel. — (Ingestuur).

### *VIR O.B.-DAG*

Die Vrouekommando van Kaapstad-Sentraal het verlede Vrydag 'n ligte middagete in die Komiteekamer van die Groote Kerkgebou gehou om fondse in te samel vir 8 Augustus. 'n Groot aantal persone is bedien. Ongeveer £10 is ingesamel.

### INDIESE „WEERWRAAK"

As protes teen die Indiërwetgewing van die regering het die Indiese regering nadat hy etlike maande gelede verklaar het dat hy sy handelsbetrekkinge met Suid-Afrika gaan breek, verlede week aangekondig dat hy sy Hoë Kommissaris in Suid-Afrika teruggeroep het. Hy sal eersdaags die land verlaat.

# Is Dit Te Veel Vir Volkseenheid?

Volgens verslag in Die Burger van 15 Junie het mnr. L. T. Weichardt, leier van die Gryshemde, verlede week die standpunt van sy party teenoor die H.N.P. op 'n vergadering te Southfield uiteengesit. Hy het gesê dat hy bereid is om die H.N.P. onvoorwaardelik in 'n verkiesing te steun **„mits hulle (die Gryshemde) ook erken word"**.

In sy hoofartikel van 10 Junie verwys Die Burger na die houding van mnr. Weichardt as 'n voorbeeld wat hy vir die Ossewabrandwag aanbeveel.

Nou vra ons: op watter punt verskil mnr. Weichardt se aanbod in praktyk met dié van die Ossewabrandwag wat 'n Volksfront teen die Smuts-bewind voorstel? Die O.B. se voorstel kom eenvoudig hierop neer:

**Hy vra geen enkele setel vir homself nie, maar bied aan om sy steun agter enige kandidaat in te werp wat die stryd vir die Afrikanerdom teen die Smuts-bewind voer, indien ook die H.N.P. hom (die O.B.) maar net wil erken as 'n bondgenoot en die stryd teen mede-republikeine staak. Ons vra slegs 'n bongenootskap van nasionaalgesindes vir die volk.**

**Is dit te veel geverg van die H.N.P. vir volksredding?**





WAARDE VIR GELD

A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

Smaak . . . .

...... een van die mees gevoeligste sintuie van die mens. Wat u smaak nou ook al mag wees, selfs die kieskeurigste sal hier tevredenheid vind EN DIT WORD GEWAARBORG!! Plaas 'n bestelling en oortuig uself.

P R Y S L Y S :

| | Per bottel in kissies van 12 bottel. | Per gelling in 5 gelling vaatjies. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Spesiaal Soet .. .. .. | 2/6 | 11/- |
| Rooi en Wit Jeripiko .. | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Malmsy .. | 1/9 | 8/6 |
| Rooi en Wit Muskadel .. | 1/8 | 8/- |
| Soet Port .. .. .. .. | 1/8 | 8/- |
| Port, Pontak, Worcester Hock en Spesiale Sjerrie .. .. .. .. .. .. | 1/7 | 7/6 |
| Goue Sjerrie (Droog) .. | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie .. .. | 2/3 | 10/6 |
| „Cocktail" .. .. .. .. .. | 4/- | — |
| Vermouth (Droog en Soet) | 2/9 | — |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgandy (Rooi) .. .. | 1/9 | — |
| Riesling en Droë Wit .. | 1/6 | — |
| **FONKELWYNE:** | | |
| Grand Spumante .. .. | 10/- | — |
| Grande Splendore .. .. | 7/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Eureka .. .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| A. 1. .. .. .. .. .. | 8/- | — |
| Boegoe .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURE:** | | |
| Peperment .. .. .. .. | 7/- | — |
| Kersie, van der Hum, Gemmer en Anys | 6/6 | — |
| **JENEWERS:** | | |
| Droë, Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |
| **MOSKONFYT:** | | |
| (Nie-Alkoholies) .. .. | 1/6 | (*7/- |

* Net in 4 gel. blikke.

VOORWAARDES:— Voeg by 20/- per vaatjie of 5/- per kissie met bottels en blik. Deposito's word onmiddellik vergoed op ontvangs van leë inhouers spoorvrag betaald.

Rig u bestelling aan:—
VERKOOPS-AFDELING (D)
Excelsior Wynmakery
VLAKTEPLAAS-STASIE
(Kaapland)

TOT U DIENS . . .
Geldenhuys Ingenieurswerke
- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK

Wynnestraat 13 — PAROW

Sien Advertensie onder Geklassifiseerde kolomme (Gemeng).

W. Voigt (Edms.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

Boere Aandag!

BELLVILLE SUID VISSERYE

Vars en Soutvis. Plattelandse bestellings geniet voorkeur in Masbanker bokkems. Ons koop ook vars groente en boere-produkte. 5159-4

BENODIG

Vennoot benodig vir gevestigde, winsgewende Afrikanersaak in die Stad. Kapitaal: £1500 na £2000. Applikasies moet in wees voor einde Junie 1946.

S. A. G.,
Bus 28, Stellenbosch.
5149-2

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS
Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.
SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD
Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.

*Volg u voorouers se raad en gebruik BOEGOESALF om u van lastige Verkoues, Hoes, Rumatiek, Winterhande, ens., te bevry*




BOEGOESALF
Die Oorspronklike P-HAU-SALF
Verkrygbaar by u Apteker of Winkelier
HANDELSNAVRAE: P-HAU-PRODUKTE (EDMS.) BPK.
Security-Gebou, Beursplein, Posbus 3180, KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 19 JUNIE 1946.

# Geen Tyd Nou Vir Wanvoorstellings

Die nood vir ons volk is vandag te groot om aanklagte teen mekaar in te bring wat ongegrond of botweg onwaar is. Die Kommandant-generaal het 'n voorstel gedoen en herhaal dat die nasionale groepe 'n bondgenootskap moet vorm teen die gemeenskaplike gevare wat ons land bedreig. Vir hierdie samewerking vra die Ossewabrandwag niks sover dit parlementêre setels ensomeer betref nie. Hy wil net dien. Die gewone volgeling van die H.N.P. kan nie verstaan waarom hul leiers hierdie voorstel verwerp nie. As die O.B. met sy tienduisende lede in die oë van Afrikaners aanstootlik vir samewerking is omdat hy „volksvreemd" is, soos die kommunistiese agitators op die oomblik beweer, dan kan mens dit verstaan, en sal die O.B. hom seker nie aanhou opdring aan mense en groepe wat so grootliks van hom verskil nie.

Inderdaad is dit dan ook wat deur die H.N.P.-woordvoerders beweer word in hul verskoning vir hul weiering. In sy hoofartikel van 10 Junie verklaar Die Burger dat daar vir die O.B. geen die minste bestaansrede is nie, daar Duitsland verloor het.

> „Om vandag voort te gaan om 'n gesagstaat op Duitse model na te streef, is om, afgesien nog van beginsels, alle verband met die werklikheid te verloor," aldus die blad.

## ONWAAR

Ons wil nie verontwaardig word oor hierdie wanvoorstelling van die O.B.-beleid nie — die tyd is te ernstig om vir mekaar kwaad te word. **Ons wil dit egter diep betreur dat daar agter sulke wanvoorstellings geskuil word om broederstryd aan die brand te hou op 'n oomblik van doodse gevaar. Waar en wanneer het die Ossewabrandwag in een enkele sin beweer dat hy 'n gesagstaat „op Duitse model" nastrewe?** Dieselfde genl. Smith wie se naam die blad ook noem as 'n struikelblok, het kere sonder tal beklemtoon dat die O.B. geen „eenparty-stelsel" soos in Duitsland nastrewe nie, maar 'n „geen-partystelsel" soos in die Boererepublieke. Op 9 Mei 1945 het hy in Die O.B. geskryf dat Hitler aan die wêreld die sosialisme op nasionale grondslag gegee het, **maar dat sy staatsvorm verkeerd was, daar dit gegrond was op „die eenparty-beginsel in plaas van 'n geen-party-stelsel".**

Genl. Smith het in sy jongste toespraak in Kaapstad, waarteen Die Burger beswaar maak, dit gehad teen die **Britse parlementêre stelsel wat in ons land aangesien word vir demokrasie. Hy noem dit „Britsisme". Maar as dit „volksvreemd" en „Duits" is om teen die Britse parlementêre stelsel te ywer, dan wil ons hier beklemtoon dat dit nie altyd deur die H.N.P.-leiding as sodanig beskou was nie. Op 25 Maart 1941 het dr. Malan op Stellenbosch, volgens verslag van Die Burger, hom as volg oor die Britse demokrasie uitgelaat:**

> **„Die demokrasie soos ons hom ken — of die Britse parlementêre stelsel, wat ons nie met die demokrasie moet verwar nie — is 'n karikatuur van demokrasie. Wat dit betref, het spr. geen beswaar dat dit weggeveeg word nie. . . . Demokrasie soos ons hom ken, werk dus nie in die rigting van volkseenheid nie, maar bring verbrokkeling."**

## KEER TERUG

Waarom word die Ossewabrandwag vandag uitgemaak vir Duits wanneer hy volhou met wat dr. Malan in 1941 geleer het? **Lê die moeilikheid vir volkseenheid nie dalk hierin dat die H.N.P. hom nou weer op die standpunt van die Britse demokrasie geplaas het, wat, in die woorde van dr. Malan, „nie in die rigting van volkseenheid werk nie"?**

> Is dit dan nie hoog tyd dat daar weer teruggekeer word na die grondslag van 1941 waar al die nasionale groepe 'n gemeenskaplike konstitusie vir ons toekomstige Republiek aanvaar het binne die Eenheidskomitee nie?

Dan hoef ons mekaar nie wedersyds te verwyt dat die ander volksvreemd is nie.

Ons herhaal: Die tyd is te ernstig dat ons wanvoorstellings mag gebruik om verwydering in ons volksgeledere te bestendig. **Laat Die Burger liewers daartoe oorgaan om sy nuuskolomme ook oop te stel vir die toesprake van O.B.-leiers, dan kan sy lesers self oordeel hoe volksvreemd of volkseie die Ossewabrandwag is. Dit sal ten minste al die nut hê dat daar 'n beter verstandhouding kan ontwikkel wanneer aan die O.B. dieselfde voorregte vergun word as wat aan Engelse en selfs kommunistiese sprekers vergun word.**

# Samewerking

As ons bymekaar wil kom, is dit nodig dat alle misverstand uit die weg geruim moet word. Daarom wil ons op 'n verdere puntjie wat deur Die Burger aangeroer is, terugkom. Die blad verwys na genl. J. A. Smith se uitlating dat „die blote omruil van partye in 'n parlement by 'n partystembus" niks baat nie. Hy vra dan watter samewerking bedoel die Ossewabrandwag, dié van die Smithsoort, naamlik ten einde die demokrasie te vernietig", of bedoel hy „samewerking ten einde by 'n party-stembus die Smuts-regering te verslaan".

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

Dit is 'n redelike vraag as daar eerlik geglo word dat wat genl. Smith bepleit, strydig is met die laaste. Daarom wil ons dit beantwoord.

In die eerste plaas het ons hierbo reeds aangedui dat dr. Malan self in sterker woorde dieselfde teen die demokrasie gesê het as wat genl. Smith gedoen het. Die Federale Raad van die H.N.P. het in 1941 'n beleidsverklaring u i t g e g e e waarin die volgende voorkom:

> „Met betrekking tot die demokrasie word beklemtoon dat verskillende vorms daarvan moontlik is en dat dit **verkeerd sou wees om byvoorbeeld die demokrasie van die gewese Boererepublieke te vereenselwig of gelyk te stel met die Britse parlementêre stelsel."**

Ons beaam dit. **En daarom sê ons dat dit verkeerd is om 'n aanval op die Britse parlementêre stelsel te vertolk as 'n aanval op die ware demokrasie.** Die O.B. het dit teen die parlementêre stelsel wat Brits en dus vreemd is. **Of wat het die Federale Raad en dr. Malan dan in die plek van die parlementêre demokrasie beoog as dit „weggeveeg" sou word?**

Die saamwerk-beleid van die O.B. is dat ons eers die Smutsgevaar moet verwyder deur gesamentlik by 'n stembus op te tree en hom te verslaan. Sover dit ons aangaan, kan dr. Malan al die kandidate stel. Al wat ons vra is dat hy met die ander nasionale groepe 'n ooreenkoms sluit en sodoende die eenheid herstel. **Uit hierdie samewerking, glo ons, sal daar eenheid groei op 'n Afrikaanse grondslag soos in 1941 toe 'n konsepgrondwet deur alle groepe aanvaar is — 'n konsepgrondwet waarop die Ossewabrandwag vandag nog in hoofsaak staan, t.w. wat voorsiening maak vir 'n gekose president, 'n volksverteenwoordiging en beroepsverteenwoordiging.**

**In die tweede plaas wil ons ook nie weer dat, nadat dr. Malan „omgeruil" het met genl. Smuts, laasgenoemde oor vyf of tien jaar weer met dr. Malan omruil om 'n nuwe oorlog te begin nie.** En dit kan alleen verhoed word as ons 'n ware volksregering kry kragtens 'n grondwet wat die politiek op 'n beginsel van eenheid dryf in plaas van 'n wedstryd tussen twee partye.

# Erkenning Van Eie Bankrotskap

Deur Dr. J. A. WIID.

**„As ons in hierdie besluite foute gemaak het, moet ons geoordeel word met die oog op die aaklige verwarring en stryd waarin ons gewikkel was". Hierdie woorde kom nie van 'n aangeklaagde Duitser in Neurenberg nie, maar van Winston Churchill, die Britse oorlogspremier, toe hy onlangs uitgewei het oor die Russiese gevaar wat hy gehelp het om 'n Europese gevaar te maak.**

**„Die toekoms van die wêreld is vol gevare aan alle kante. Die mense wat deur 'n rooskleurige bril na die wêreld kyk en meen dat alles goed gaan, word droewig mislei". Ook dit is nie die woorde van 'n vêrsiende staatsman uit die jaar 1941 nie, maar van ons Suid-Afrikaanse oorlogspremier, veldm. Jan Smuts, uit die jaar 1946.**

**Hierdie swartgallige woorde oor die toekomstige „beter wêreld" waarvoor soveel goed en bloed op die oorlogsaltaar gelê is, kom nie van oorwonnenes nie, maar van oorwinnaars wat in die verlede baie heerlikhede in die vooruitsig gestel het as die Angel-Saksers en hul Russiese bondgenoot, maar net eers die oorlog gewen het. Vandag laat die bondgenote wat die oorlog gewen het, geen geleentheid verbygaan om mekaar allerlei aaklige verwyte en beskuldigings na die hoof te slinger nie. Sonder gevaar van oordrywing kan daar vasgestel word dat in Washington en Londen die potensiële vyand nr. 1 vandag Rusland is en dat in Moskou die potensiële vyand nr. 1 die Angel-Saksers is.**

### NOGEENS CHURCHILL

Die man wat die luidrugtigste is in sy verwyte en beskuldigings teen Rusland is sonder twyfel Winston Churchill, die onlangse oorlogskameraad van Josef Stalin. As opposisieleier wat geen regeringsverantwoordelikheid dra nie, kan Churchill dit maklik bekostig om, sonder die gevaar van ernstige internasionale verwikkelings, allerhande verwyte en beskuldigings aan die adres van Moskou te rig. As oud-oorlogspremier en as oud-oorlogskameraad van Stalin dra sy woorde egter buitegewone gewig. By enige van hierdie woorde in Churchill se onlangse toespraak in die Britse parlement het ons verlede week stilgestaan. Hierdie keer wil ons nog verder daarby vertoef.

### DIE KOMMUNISTIESE SPIOENASIESTELSEL

Gedurende die oorlog het ons veel van die berugte *vyfde kolonne* gehoor maar nooit van 'n *Kommunistiese vyfde kolonne* nie. Vandag egter praat Churchill nie alleen van 'n *Kommunistiese vyfde kolonne* nie maar ook van die veel gevaarliker *Kommunistiese spioenasiestelsel.* Hy noem die twee in een asem. „Die openbaring van die Kommunistiese spioenasiestelsel", aldus Churchill, „wat *nou* tot Kanada beperk is, het 'n diepe indruk op die *Trans-Atlantiese* gemoed gemaak." Ons onderstreep die woorde „nou" en „Trans-Atlantiese". Met die eerste suggereer Churchill dat die Kommunistiese spioenasiestelsel *later* tot *ander lande* uitgebrei sal word en met die tweede wil hy die V.S.A. insleep asof die *Britse gemoed* wat nader aan die vuur sit, nie net soos die *Trans-Atlantiese gemoed* deur die onlangse ontdekking van die Kommunistiese spioenasie in Kanada geskok is nie.

### DIE EUROPESE TOESTAND

Nadat Churchill 'n heftige aanval gemaak het op die Kommunistiese vyfde kolonne vir wie „dit 'n saak van godsdiens is om jouself en jou geboorteland op te offer terwille van 'n Kommunistiese Utopië" en daaraan toegevoeg het dat mense „wat met hierdie siekte (Kommunisme) aangetas is nie sal aarsel om hul land te verraai nie", het hy oor die Europese toestand uitgewei. Vir hom „is die besonderhede van die Europese toestand baie ernstiger as enigiets in die sfeer van spioenasie".

Met „Europese toestand" bedoel Churchill blykbaar die nie-Russiese Europa waar Moskou die hoogste woord voer. As 'n medepligtige erken hy dat die Curzon-lyn (tussen Pole en Rusland) die „regmatige grens" van Rusland is en dat

## Buitelandse Oorsig

„Pole van Duitsland vergoeding behoort te ontvang met uitbreiding van sy gebied tot aan die Oder en die Oostelike Neisse". Dit is in hierdie verband dat Churchill daardie veelseggende woorde gebruik het: *As ons in hierdie besluite foute gemaak het, moet ons geoordeel word met die oog op die aaklige verwarring en stryd waarin ons gewikkel was".* 'n Mens wonder wat die oordeel van die geskiedenis eendag gaan wees.

Volgens Churchill is dit egter nie meer die Curzon-lyn of 'n linie aan die Oder wat saak maak nie maar „die grens van Rusland wat van Stetting aan die Oossee tot aan die buitewyke van Triëst aan die Adriatiese See, en ver besuide daarvan loop". Dit is nie aan gewone grense van besettingsgebiede waaraan Churchill dink nie want dan sou ook die grense van Brittanje, die V.S.A. en Frankryk van Stettin oor Triëst na Griekeland loop. Dit is die „Russifiseringsgrens" waaroor hy ontsteld is net soos Moskou miskien op die Angel-Saksiese „demokratiseringsgrens" kritiek kan uitoefen. Hierdie Russifiseringsgrens, hierdie gordyn wat van die Oossee tot aan die Adriatiese See gesak het en waaragter die breë gebied is wat al die hoofstede van Oos- en Midde-Europa insluit sowel as baie ou state en volke waarin byna 'n derde van die bevolking van Europa met uitsondering van Rusland woon, noem Churchill 'n „ontsaglike feit in die geskiedenis van Europa".

### NUWE OORLOG

Dit is volgens Churchill in hierdie breë gebied dat die kieme van 'n nuwe wêreldoorlog gesaai word. Die permanente Kommunisering of die Russifisering van hierdie yslike gebiede teen die wil van die mense sal, volgens Churchill, nie bereik word sonder om euwels en stryd te laat ontstaan wat aaklik is om aan te dink nie. 'n Mens wonder wie hierdie „nuwe wêreldoorlog", hierdie „stryd" waarvan die Britse oud-premier praat, teen die Trojaanse perd wat die Angel-Saksers ingehaal het, gaan voer. Die Pole? „Die lot van Pole", aldus Churchill, „is skynbaar 'n oneindige tragedie en ons wat terwille van Pole (!?) die oorlog ingetree het, *slaan die eienaardige resultaat van ons pogings met leedwese gade.* Die Oostenrykers en Hongare? Hierdie twee volke, volgens Churchill, „is uitgehonger, verstik en vasgedruk deur die massa vreemde troepe". Die Tsjegge en Slowakke? Volgens pres. Benesj is dit die plig van Tsjeggoslowakye om Rusland aan Wes-Europa en Wes-Europa aan Rusland te vertolk, en dit neem Churchill „op die oomblik aan".

Dit lyk dus erg onwaarskynlik dat Pole, Hongare, Oostenrykers, Tsjegge, Slowakke of selfs Franse en Italiane die „nuwe stryd" teen Rusland sal waag. Waarskynliker is dit dat hierdie volke, net soos die Roemeniërs, Bulgare en ander Balkan-volke, wat Churchill nie eers noem nie, as bondgenote van Rusland in die „nuwe wêreldoorlog" sal tree.

### DUITSLAND

Daar bly nog Duitsland oor. Volgens Churchill egter lê tweevyfdes van die Duitse bevolking ten Ooste van die „ystergordyn" en moet die feit onder

(Vervolg op bl. 5, kol. 1)

# Voorstelle Oor Atoomkrag

Die voorstel dat alle wetenskaplikes wat kennis dra van die atoombom alle navorsing staak indien daar nie tot 'n ooreenkoms van internasionale beheer oor die atoombom geraak kan word nie, is deur die Franse afvaardiging aan die Verenigde Volke se Kommissie van beheer oor Atoomkrag gedoen, na Sapa-Reuter berig.

*Die Hoof van die Amerikaanse afvaardiging, Bernard Baruch, het voorgestel dat alle bestaande bomme vernietig word en die vervaardiging daarvan gestop word, mits 'n doeltreffende stelsel van toesig gevind kan word.* Die voorstel is goedgekeur deur die Britse Vereniging van Atoombeheer.

(Vervolg van bl. 4, kol. 5)

die oë gesien word dat twee Duitslande aan die ontstaan is — een wat min of meer op die Russiese model en in die belange van Rusland ontwerp is, en die ander dié van die Westerse demokrasieë.

Dit is egter moontlik dat in die een Duitsland 'n bietjie kanonvoer vir die „nuwe wêreldoorlog" teen die Russe gevind kan word. Vandaar dat Churchill oor die Duitsers besorgd voel. „Niks is meer steriel as wraak nie", sê hy aan sy vyandgenote, en hy haal die woorde van Burke aan: „Ek kan nie 'n aanklag teen 'n hele volk inbring nie".

TROOSTELOSE TOESTAND

Die wêreldtoestande soos deur Churchill beskryf, lyk voorwaar erg troosteloos. In hierdie toespraak erken hy ook die bankrotskap van sy eie oorlogs- en oorwinningsbeleid. Die swaarmoedigheid oor die nuwe Paryse konferensie wat by *voorbaat* uitgespreek word, is verstaanbaar. Is dit om Moskou inskikliker te maak of is dit maar net 'n politieke slimmigheid dat die V.S.A. vandag bereid sou wees om sy Atoomgeheime wêreldkundig te maak? Op die oomblik sal alleen Kommuniste van veldm. Smuts verskil as hy sê: „Die mense wat deur 'n rooskleurige bril na die wêreld kyk en meen dat alles goed gaan, word droewig mislei."

## MIDDAGETE EN WORS

Uit Brooklyn, Kaap, word van die Christiaan de Wetkommando berig dat hulle hard besig is om fondse in te samel vir 8 Augustus.

Met hierdie doel voor oë word 'n middagete bedien in die Komitee Kamer, Groote Kerkgebou (2de verdieping) op Vrydag, 21 Junie, vanaf 12—2 nm. Daar sal ook heerlike boerewors verkoop word.

# Uit Die Week se Nuus

**ITALIE SONDER KONING:** Koning Umberto van Italië wie se koningskap hom ontneem is deur 'n volkstemming, het Italië verlede week verlaat en hom by sy familie in Lissabon gevoeg. Hy het aanvanklik geweier om die land te verlaat voordat die hoogsgeregshof die besluit dat hy van sy koningskap onthef is, formeel aangekondig het. Nadat verneem is dat die koning die land moet verlaat, was daar orals in Italië betogings deur ondersteuners van Umberto.

**WAG VIR OPLEIDING:** Meer as duisend kandidate wat wens om opgelei te word as kraamverpleegsters en verpleegsters, is tans op 'n waglys. Hulle kan nie opgelei word nie omdat daar geen geriewe beskikbaar is nie. Daar is op die huidige oomblik 'n tekort aan 6,000 verpleegsters in die Unie. Hierdie syfer is gegrond op die sensus van 1936. Dit kan aangeneem word dat die tekort nou baie meer is.

**LYDELIKE VERSET BEGIN:** Die Indiërs van Natal het verlede Donderdag hul veldtog van lydelike verset teen die Indiërwetgewing begin toe twintig Indiërs vyf tente in 'n beheerde gebied in Durban opgeslaan en daar begin kampeer het. Baie Indiërwinkels in Natal is gesluit. Indiërs in ander provinsies het hulle steun toegesê aan die optrede van die Natalse Indiërs. Van Transvaal af het 'n paar van hulle sonder permitte oor die grens gegaan. Sapa berig dat 'n aantal blankes oor die naweek die protesterende Indiërs se tente bestorm, die lyne afgesny en die tente weggedra het. Die Indiërs het hulle nie daarteen verset nie.

**KOMMUNISTE ONWELKOM.** — Die voorstel dat die Britse Kommunistiese Party met die Arbeidersparty moet verenig, is met 2,678,000 stemme teenoor 468,000 verwerp. In hierdie verband het die adjunkpremier van Brittanje, Morrison, hom as volg oor die Kommunistiese party uitgelaat: „Dit is 'n bietjie twyfelagtig of hulle nie eerder 'n sameswering as 'n party is nie".

**ITALIANE VIR S.A.** — Gedurende die oorlog was daar 75,000 Italiaanse krygsgevangenes in Suid-Afrika, het genl. Smuts verlede week verklaar. Van hulle, het hy gesê, is daar 'n groot aantal wat hy as immigrante in die Unie sal verwelkom.

**CHURCHILL KOM.** — Die uitnodiging wat genl. Smuts aan Churchill gerig het om die Unie te besoek en so die gees van Britsisme aan die brand te hou, is informeel aangeneem. Hy sal Suid-Afrika aanstaande jaar besoek.

**TRUMAN VETO WET:** Pres. Harry Truman het verlede week die anti-stakingswet geveto. Hy het verklaar dat hy dit gedoen het omdat dit die arbeiders sal dwing om vir private werkgewers in 'n vredestydse demokrasie te werk. Die wetsontwerp het o.a. bepaal dat geen staking mag plaasvind binne 60 dae nadat 'n versoeningsraad ingemeng het nie.

# Wil Kerksang Bevorder

**'n Landswye veldtog met die oog op die sistematiese en eenvormige aanleer van minder bekende Psalms en Gesange om te verseker dat daar 'n groter verskeidenheid Psalms en Gesange in kerke, skole en huise gesing word, word tans deur die Kaaplandse Sinodale Kommissie in Die Kerkbode aangekondig.** Daar sal van tyd tot tyd Psalms en Gesange in die pers aangekondig word wat deeglik ingestudeer moet word.

Die Kerkbode verklaar dat ondersoek aan die lig gebring het dat daar net 'n beperkte aantal Psalms en Gesange is wat gereeld in die kerk gesing word. Die ander is vir die meeste mense onbekend. Dit was nie die geval met ons voorouers nie.

Vir die sistematiese aanleer van die Psalms en Gesange beveel die Kommissie aan dat Psalms 103 en 104 gedurende Juliemaand aangeleer en ingestudeer word.

Psalm 103 was een van die Psalms wat baie deur die Voortrekkers gesing is — veral ná die ontsettende rampe van Weenen en Bloukrans.

# Held Van Baie Oorloe Verongeluk

## Oom Danie Opperman.

Die publiek van Brits en omgewing was geskok toe hulle verneem van die tragiese ongeluk waarin Oom Danie Opperman sy lewe verloor het.

Op die middag van 31 Mei was hy net besig om tussen 'n stilstaande motor en 'n vragmotor op Rashoop deur te gaan toe 'n motor met twee dronk kaffers daarin met 'n verbasende snelheid die stilstaande motor van agter tref en Oom Danie teen die vragmotor vasdruk.

Hoe geweldig die slag was, blyk daaruit, dat die stilstaande motor 'n totale wrak is.

Niemand was bewus daarvan dat Oom Danie beseer was nie, aangesien 'n stofdamp oor die toneel gehang het. Eers later is die slagoffer ontdek. Eerstehulp is dadelik toegepas, maar dit het geblyk dat sy bene op verskeie plekke af was. 'n Uur later het hy beswyk aan skok en verdere inwendige beserings.

Hoe alombekend en bemind hy was, blyk uit die groot skaar wat hom op Maandagmiddag na sy laaste rusplek op Rooikoppies-Wes gevolg het.

GESKIEDENIS

Wyle Daniel Jacobus Opperman is gebore op 22 Maart 1870 te Elandsrivier, distrik Pretoria. Op sewejarige leeftyd het hy die Dorsland-trek meegemaak.

Op 34-jarige leeftyd is hy in die huwelik bevestig met Jienie Christina Ras, 'n dogter van die bekende Oom Marthinus Ras.

Hy het aan verskeie kafferoorloë deelgeneem, soos dié van Malaboch en Magato. Hy het die Jameson-inval help stuit en was 'n bittereinder gedurende die Anglo-
(Vervolg in voorg. kol.)

(Vervolg van volg. kol.)
Boere-oorlog.

Vir sy deelname aan die 1914-Rebellie moes hy sewe maande in die tronk van Kimberley deurbring.

Oom Danie kon dan ook aangenaam en onderhoudend verhaal van staaltjies uit die verskillende oorloë.

Vir die afgelope jare was hy op Kleinfontein, distrik Brits, woonagtig.

Hy laat sy weduwee en vier kinders na om sy heengaan te betreur.

Met die afsterwe van Oom Danie is 'n ware volksvader daarmee heen, en is weer 'n skakel met die verlede verbreek. — (Ingestuur.)


# SANLAM

KENNISGEWING AAN POLISHOUERS

Houers van met-winste-polisse van £500 en meer word daaraan herinner dat hul opsie in verband met die Maatskappy se nuwe Kontantbonus-stelsel voor **30 Junie 1946** uitgeoefen moet word.

Polishouers wat reeds die nodige vorms voltooi en ingestuur het, word vriendelik gevra om genoeë te neem indien daar vertraging mag ontstaan, want die groot aantal aansoeke maak dit nodig dat hulle streng volgens orde van ontvangs afgehandel word.

**SANLAM**
**Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.**
Hoofkantoor:
Waalstraat 28, Kaapstad.

# Dameshoede . . .

**VIR WELKE GELEENTHEID OOK AL, U KRY VERSKEIDENHEID BY**

Steyns

**DIE MODEWINKEL PAROW**

**ALGEMENE HANDELAAR en PRODUKTE-KOPER**
**S. J. KRYNAUW**
vir
**Kruideniersware teen die billikste pryse.**
**Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.**
**H/v. Garcia- en Nuwestraat. Foon 68 Bus 54**
**BEAUFORT-WES.**




***DIE PEN BLY MAGTIGER AS DIE SWAARD IN DIE STRYD OM DIE BESTAAN.***

LAAT DIE LYCEUM-KOLLEGE — DIE HUISUNIVERSITEIT BY UITNEMENDHEID — U VOORBEREI VIR DIE STRYD DEUR MIDDEL VAN SY MODERNSTE EN EENVOUDIGSTE TUISSTUDIEKURSUSSE. BEKWAAM U BETER IN U WERK DEUR STUDIE!

Knip hierdie advertensie uit en pos dit dadelik.

NAAM ....................
ADRES ....................
Kwalifikasies (Standerd Geslaag) ....................
Kursus waarin u belangstel ....................
(Standerds VI, VII, VIII, X, N.S.S., Matriek, Wetseksamens, Bantoetaal, Boekhou, Sekretariskursusse, Joernalistiek, Ken u Motorkar, Landbou, Bantoetale, Taalbond, ens.)

***Lyceum Kollege, Posbus 5482, Johannesburg***

# MEUBELS

**PRYSE STYG VINNIG**
**KOOP NOU!**
**Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad**

**Werda Meubelhandelaars,**
**(EIENDOMS) BEPERK**
**Groote Kerkgebou — Kaapstad**

# MARKAGENTSKAP

**VROEË MÔRE-MARK**
**KAAPSTAD**

**Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang**

**Beste heersende pryse**

**MINNAAR EN VAN SCHOOR**
**Eienaar: GUSTAV RETIEF**

**R. W. van Ryn**



**BRILMAKER**

**Bring u oogarts se voorskrifte na my, en doen u keuse uit my groot verskeidenheid moderne brilrame, asook raamlose modelle.**

**ONTHOU! 5de Verdieping, Groote Kerkgebou, Kaapstad.**


NOORD-TRANSVAAL

# REISPLAN

VAN

## Generaal J. A. SMITH

Adjunk-Kommandant-generaal

Genl. J. A. SMITH sal die volgende plekke op die datums genoem besoek en vergaderings toespreek:

| | |
|---|---|
| PIETERSBURG .. .. .. | WOENSDAG, 19 JUNIE |
| LOUIS TRICHARDT .. .. | .. VRYDAG, 21 JUNIE |
| TZANEEN .. .. .. .. .. | SATERDAG, 22 JUNIE |
| LYDENBURG .. .. .. .. | DINSDAG, 25 JUNIE |
| ROOSSENEKAL .. .. .. | .. VRYDAG, 28 JUNIE |

# Lees Hier !!

„Die O.B." se geklassifiseerde kolomme geniet al meer aandag en tevrede adverteerders oor die hele land verwittig die advertensie-bestuurder gedurig van die uitstekende reaksies wat hulle op hul geklassifiseerde advertensies kry. Brandwagte, „Die O.B." is reeds die nuusblad van die nuwe tyd vir u geklassifiseerde advertensies. Probeer een keer en oortuig uself. U bereik tienduisende lesers oor die lengte en breedte van Suid-Afrika.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES.**

**Huishoudelike Kennisgewings:** (Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:** Enkele plasings (vooruitbetaalbaar): 2d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasings: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasings: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar.

Stuur advertensiebestellings en intekengeld aan:
**VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEBOORTE

DU TOIT. — Aan Philip en Alida (Verpleegster Esterhuysen), Klip Drif, Rawsonville, 'n fris O.B.-dogter, op Uniedag. Naas die Heer, dank ons die dokter en verpleegster, vir klein Martha. 5147/2

VAN EEDEN. — Aan Banie en Corrie (gebore Van Brakel) 'n fris seuntjie op 10 Junie. Naas die Gewer van al die Goeie, ons hartlike dank aan dokter en suster. 5153

## VERLOWING

BORNMAN—BURGER. — Hiermee maak ons, korp. David, tweede seun van mnr. en mev. J. J. Bornman, Pk. Eureka, dist. Barberton, en Johanna, dogter van mnr. en mev. D. J. Burger, Parys 456, Pk. Ganskuil, oor Rustenburg, bekend aan familie, O.B.-vriende en vriendinne dat ons gedurende Paasnaweek verloof geraak het. 5161

SWANEPOEL — SCHOLTZ en PUREN — SCHOLTZ. — Die verlowings word bekend gemaak van Berrie en Hester, dogters van komdt. en komdte. Scholtz, Sterkfontein, Loxton, met Jan, seun van mnr. en mev. Swanepoel, Koekdam, Rietbron, en Gawie, seun van mnr. en mev. Puren, Plumstead. 7220-B

## HUWELIK

Vir partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang, Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## IN MEMORIAM

DE WIT. — In liefdevolle herinnering aan ons liewe Eggenoot en Vader, Johannes Petrus Mulder de Wit, gebore 16 Mei 1887, oorlede 17 Junie 1945. Hy het gewerk toe dit dag was, ons gun hom die rus. Sy wil geskied.

Ges. 65 vers 6:

'k Het Jesus lief. Hy sal my deur Sy raad
Gelei tot aan die laaste van my dae;
Dan word my siel van alle sonde ontslae;
Dan dank ek Hom, selfs vir gelede kwaad.

— Verlangende Eggenote, M. de Wit, en Kinders, Jannie, Christiaan, Fritz. Damaskus, Prins-Albert. 5154

## GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie.
Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.
**S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BEPERK**
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND.
Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

## PERSOONLIK

HARDLYWIGHEID OF SINUSITIS op aangename wyse permanent sonder gewoontevormende medisyne genees. Geniet volkome gesondheid. Korrespondensie vertroulik behandel. Besonderhede van: LEO KING, Posbus 230, Oos-Londen. 7262-2-B

## BETREKKING VAKANT

ASSISTENT VIR ALGEMENE HANDELAAR dadelik benodig. ongetroude, eerlike en betroubare Christelike Afrikaner as assistent in algemene handelaarsbesigheid. Vry losies. Gewoontedrinkers hoef nie aansoek te doen nie. Meld asseblief ouderdom en persone by wie navraag gedoen kan word. Om verdere besonderhede, salaris, ens., skryf aan: J. J. B., Bus 28, Stellenbosch. 7261-2-B

PLAASHULP benodig. Flukse blanke ongetroude jongman as assistent op vrugteplaas. Moet motorvragwa en trekker kan bestuur. Beginsalaris £9 per maand, vry losies en inwoning. — Doen aansoek by: P. H. VAN WYK EN SEUN, River Bend Estate, Bus 7, Barkly-Wes. 5150/2

VOORMAN benodig vir wingerdplaas. Kennis van algemene boerdery noodsaaklik. Kennis van werk met trekker en bevoegdheid om vragmotor te bestuur sal aanbeveling wees. Goeie salaris vir bevoegde persoon. Doen aansoek by: A. J. JONKER, Myrtle Grove, Bonnievale. 5146/3

## BOME, PLANTE EN SAAD

AARTAPPELMOERE. — Uit die onoortreflike Gamtoos-Vallei, Oos-Kaapland — direk van die kweker. Arran Chief, Irish Coblers, Royal Kidney en Arran Barmer. Eiergrootte en effens groter 35/- per sak, bestelling van 10 sakke en meer. Kleiner getalle 37/6. Okkerneut-grootte 30/- per sak, 10 sakke en meer. Kleiner getalle 32/6. Slegs K.M.B. van J. W. FERREIRA, Pk. Armansvriend, oor Patensie-stasie. 5157-3

AARTAPPELMOERE EN TAFELAARTAPPELS. — Mooi gesonde Arran Chief aartappelmoere. Eiergrootte 34/-, groter 32/-. Graad 1 tafelaartappels 30/-, 153 pd.-sakke, op Petrusburg-stasie gelewer. Bestel dadelik om teleurstelling te voorkom. — D. J. DE KOCK, Uitkyk, Pk. Petrusburg. 5162

AARTAPPELMOERE. — Pas uitgehaal, gewaarborg, eerste van ingevoerde, 1½—7 onse: Kathadin, 45 sakke; Green Mountain, 25 sakke, teen £2 per sak, gelewer Winburg-stasie. — WESSEL RAUTENBACH, Desiree (Foon 632) Winburg. 7199-B

BONE. — „Kidney". Handgesorteerde Saad, 200 lbs. 100/-, V.O.S. en K.M.B. P. COLDITZ, P.S. Estcourt. 7162/2/B

GROENTESAAD. — Vars, gesertifiseer. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6; Australiese Bruin, 6/-; Egiptiese Plat Beet, 7/6; Detroit Beet, 7/6. — Skryf om volledige pryslys. **Handels-navrae verwelkom!** — KAROO SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

GROENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beet 10/-; Blomkool: Suiderkruis 20/-; Reliance 25/-; Spitz Kopkool 12/6; Koel en Broos Komkommer 15/-; Tom Watson Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 22/-; Little Gem Skorsies 12/-; Lang Wit Bos 13/-; Raap 7/6; Uie: Australiese Bruin 6/6; Kaapse Plat 10/-; „Silver King" 12/6. Almal per pond. 2/- duurder op halfponde. Posvry. K.M.B. — PREMIER SAADKWEKERS EN VERSPREIDERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

HERHOLDT se JUBILEUM PERSKE. — Die gevierde „Kersfees Elberta"; profyt-bringer vir die vrugteboer; genotvol in die huisboord. Voorkom teleurstelling. Plaas u bestellings nou vir ons beroemde swaardraende Vrugtebome. ROSE van bekoorlike prag in kleurryke sorterings. Pryslyste vry. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, JOHANNESBURG.

PLANTJIES. — Vroeë Kaapse Uieplantjies, 1/- per 100; 7/- per 1,000. Spinasie (Bloomsdale) 2/6 per 100. Kropslaai (New York) 2/- per 100. Ridderspoor 5/6 per 100. K.M.B. Almal posvry in Unie. Doen aansoek by: H. O. MERTSCH, Belvedereweg, Somerset-Wes. 5151/2

VOORKOMING IS BETER AS GENESING! Vernietig alle Dopluis, Rooispinnekoppe, ens. wat u kosbare vrugteboord ruineer. Spuit u vrugtebome Junie en Julie met Herholdt se HORTOIL, die sekerste en mees ekonomiese Olie-spuitmiddel. 1 gel. HORTOIL maak 35 gels. spuitstof. 9/6 per gelling, 35/- vir 4 gellings. 45 gelling-dromme teen 7/6 per gelling. Kontant met bestelling. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, Johannesburg. TK5528(a)

## GENEESMIDDELS

ASMA-LYERS. — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, Durban. 7207/4/B

BLY JONK.—GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

## GEMENG

DRAAI-, PAS- en SWEISWERK en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE, Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

ELEKTRIESE WARE. — Vir alle elektriese installasies en benodigdhede raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 351.

KONTRAKTEUR EN ALGEMENE HANDELAAR. — D. S. du Toit, Armoed, Oudtshoorn. — Kontrakteur: Dors-, ploeg- en skraapwerk met moderne masjinerie — Algemene Handelaar: Lusernsaad, lusernhooi, heuning, amandels, ens. — Navrae: Enige Karoo-produk verwelkom.

TRANSPORTDIENS. — Indien u moet verhuis, raadpleeg ons vir die vervoer van u meubels. Ons doen alle soorte karweiwerk en staan bekend vir flinke transportdiens. Foon 989501. J. A. MARAIS, Alexandraweg 115, Parow.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertrôe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## PLUIMVEE

BROEIMASJIEN (Moe) te koop, 600 eiers. Toestand baie goed. Prys £17-10. — P. J. ELS, Tokai, Pk. Retreat. Foon 71108. 7263-B

DAGOUD-KUIKENS. — Verkrygbaar elke week: Dagoud-kuikens vanaf Mei tot einde Oktober. Enige hoeveelheid. Dadelike aflewering, van Australorps en Leghorns en ook Leghorn-Australorp-kruis. Almal gebroei van uitgesoekte henne met hoë eierproduksie. Prys £6 per 100. K.B.A. of K.M.B. Ook broeiplek teen 15/- per 100 eiers te kry in my masjiene met ruimte vir 40,000 eiers. — H. R. MALAN, Weltevrede-Pluimveeplaas, Pk. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203.

PLUIMVEE. — Era-Pluimveeplaas bied aan opregte B.W.D. en Typhusvry dagoud R.I.R. en W.L. kuikens teen £6 per 100. Beperkte hoeveelhede teen £10 per 100. 25 jaar ondervinding. E. R. ADCOCK, Posbus 1134, Pretoria.

## MEUBELS

PETRA-MEUBELS BPK.—Die goedkoopste Meubelwinkel in **Pretoria** vir kwaliteit-meubels. **Radios in voorraad.** Posbus 1356, PRETORIA.

MEUBELS. — Swierige en duursame Tambotie- en Kiaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabriekspryse. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie." Tel. 136.

## TE KOOP

HEERLIKE BOSSIETEE, eersteklas kwaliteit. 100 pond 35/-; 50 pond 18/6; 25 pond 10/-, v.o.s. ons stasie. 10 pond pakkette 6/- posvry Uniestasies. MELVILLE BROERS, HUMANSDORP.

HONDE. — Pointers, reuns, 5 weke oud, rooibont. Ouers opreg en ook uitstekende wag- en jaghonde. Pragtige goed. Prys £6-6-0 stuk. Asook 1 tweejaar-oud Pointer-reun, ook rooibont en heeltemal opreg. 'n Uitstekende jaghond. Prys £12-12-0. — G. PRINSLOO, Moolhoek, Pos Cornelia, O.V.S. 5158

HONDE. — Inbreker se vyand! „Oranjedraai Hondetelery" verminder stoet en bied dus aan uitstaande geregistreerde Steekhaar-Terriertefies teen mededingende pryse. £1-10 tot £2-10 volgens ouderdom. — P. S. GREYVENSTEYN, „Oranjedraai", Zastron, O.V.S.

HONDJIES. — Baie goedgeteelde stamboek Pekinese-Hondjies van geregistreerde ouers. Ideale troeteldiertjies. Drie reuntjies. Prys £5-5-0 stuk, v.o.s. — MEV. L. SCHOEMAN, Rietgat, Pk. Winburg. 7443-B

HEARSON BROEIMASJIEN, 120-eier met termometer, in uitstekende toestand. £15, v.o.s. Blackhill-stasie. — MEV. I. P. DU PREEZ, Blackhill-stasie. 7244-B

PERDEKAR in eersteklas toestand, nuut geverf, met motorvere, tevredenheid gewaarborg. Slegs £20-10-0. Asook 'n paar swaar tuie, nog in goeie werkende toestand, sonder tooms teen £4-15-0. C. F. NEL, Karino. 71130/3/B

SPEENVARKIES. — Vyf speenvarkies, ag weke oud. Grootswart en Grootwit. Gesond en goed gegroei. £1 stuk op Tarkastad-stasie gelewer.— S. BEKKER, Kleinfontein, Tarkastad. 5148/2

TAFEL-AARTAPPELS. — Vars tafelaartappels, graad 1. Tevredenheid gewaarborg. 30/-. Okkerneut-grootte, uitstekend vir saad, 30/- per sak. Onmiddellike aflewering. V.O.S. Petrusburg. Kontant. — J. F. VENTER, Bosmansput, PETRUSBURG, O.V.S.

TAFEL-AARTAPPELS. — Heerlike vars, gesonde Up-to-Date Tafel-aartappels teen 32/6 per sak 153 lb. V.O.S. Bethlehem. Ek waarborg tevredenheid. S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM.

TUIE. — Vir eersteklas kar- asook spanne muil- en donkietuie, riempienaat en gebreide Malmesbury-leer (alles handwerk) raadpleeg: S. J. VAN RENSBURG, Adderleystraat 107, Oudtshoorn.

WINDLAAIERS vir elektrisiteit op plase: 6 v. £13 11s.; 12 v. (vir swaarwerk) £24 6s.; 32 v., 500 w. £49 10s.; 1000 w. £84 5s.; 1200 w. £105 7s. Kan ook 110 w. voorsien en al die batterye vir bogenoemde. Doen aansoek om pryse en besonderhede by: J. W. O'KENNEDY, Posbus 54, Bellville.

WOONHUIS. — Eersteklas, betreklik nuwe nege-vertrek woonhuis op groot (464 vk. rd.) goedbewerkte erf in beste woonbuurt. Prys £1800. — Navraag: „EIENAAR", Fouriestraat 12, Lydenburg. 7264-B

PERD. — Een bruin kol Ryperd, met twee wit agtervoete, 14.2 hande hoog, 7 jaar oud, baie gesond, loop vinnige trippel, ry baie gemaklik. Mak en geskik vir vrou, kind of man. Kan met hom saai en skaap op hom vashou, loop elke gang. Die regte perd op 'n plaas. Ook geskik vir gymkhana. Prys £40. — Doen aansoek: JAN VILJOEN, Vrede, Indwe. 5155

PERD. — Pragtige swart Hings, wit voete en bles, ongeleerd, £25. Sy twee ryperd-vullens, 18 maande, mak geleerd, £25 die paar. 'n Arabier-tipe merrie, ongeleerd, moet vul van bogenoemde hings, £15. Almal te neem £60. — Skryf: P. S. GREYVENSTEYN, „Oranjedraai", Zastron, O.V.S. 7241-B

PLAAS. — Die mooi ou boereplaas van oom Gert Jubert, Uitkoms, Bus 54, Machadodorp, Tvl., groot 925 morg, is in die mark teen £6000. Nodige geboue, waterwiel, saag, beesdip en heinings is in goeie toestand. Bloegom- en pynboom-plantasies, en vrugteboord. Uitstekende plaas vir vee en saaiery. 5156

# Beoordelaars Se Verslag

## *Boererresepkompetisie*

Die kompetisie van die versameling van Boereresepte is nagesien. Dit wil voorkom asof die Boeredogters hierdie geleentheid om hulle deel by te dra om 'n goeie boek op te stel, laat verbygaan het. Dis so jammer, want dit toon miskien dat hulle nie bewus is van die kultuurwaarde van so 'n versameling nie.

Die prys is toegeken, alhoewel die mededinging swak was. Dit word aan die hand gegee om elkeen weer 'n kans te gee en dit word vertrou dat elke Boeredogter dan haar deel sal bydra.

Baie reseppe kan feitlik as familie-erfstukke beskou word en hulle kan op hierdie manier volkserfstukke gemaak word.

Om vir mededingers 'n leidraad te gee waarvolgens die reseppe opgestel moet word, wil ons onderstaande indeling voorstel:—

1. Brood, beskuit, bolletjies en suurdeeg; 2. Vleis en visgeregte; 3. Slaaie en slaaisouse; 4. Soepsoorte; 5. Poedings — warm en koud; 6. Koeke, terte, pasteie en vulsels, droë koekies en ander fyn gebak; 7. Lekkers; 8. Koeldranke en bier: 9. Droë vrugte en vrugtesmeer; 10. Ingelegde vrugte, konfyt, bladjangs, atjar en souse; 11. Seep.

Bostaande kan aangevul word indien 'n mededinger dit nodig ag.

Ons wil reseppe wat vanaf die vroegste tye deur die Boere gebruik is, hê, en nie reseppe wat bloot uit enige buitelandse kookboek opgestel is nie. Die bestanddele moet noukeurig aangegee word en die metode van voorbereiding moet duidelik gestel word.

Ons vertrou dat ons hiermee aan ons opdrag voldoen het.

Met hoogagting,
Mev. T. SERFONTEIN.
Mev. D. SCHUTTE.

## AANKONDIGING!

**Weens haglike droogte-omstandighede is dit onmoontlik om 'n laertrek in Natal te reël.**

Gebiedsleier
C. A. PIENAAR.
5164/3

## WYNE

VYF GELLING Muscadel-likeur £4 12s. 6d.; anker £3 17s. 6d.; 5 gelling Rooi of Wit Muscadel, Jeripigo of Beste Ou Port £2 2s. 6d.; anker £3 2s.; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2 18s 6d.; 5 gelling Worcester Hock Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1 15s.; anker £2 11s. Voorwaardes Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, BONNIE VALE, K.P.

## RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## TE KOOP GEVRA

FARMALL TREKKER, 15—20 perdekrag, of enige ander soort met gelykstaande perdekrag. Rubberbande verkieslik. Meld prys aan: A. B. DE VOS, Klipkraal, Trichard. 7219-B

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk Groote Kerkgebou 703, Kerkplein, Kaapstad

## NOODHULPFONDS

**NOODHULPFONDS-BYDRAES**

**Gebied „A"**

**Vanaf 25 Maart tot 25 April 1946:**

Kommando A: 1c7 £5; 15b2 £9-16-0; 1b3 en 1b8 7/6; Vriendin, Kaapstad £1; 2a7 £4-8-6; 3c1, 3c2 en 3c6 £12-2-3; 7a1 en 7a6 £13-3-6; 8a2 en 8a7 £26-10-0; 1a4 £3-1-6; 13a2 en 13a7 £10-4-0; 4a1 en 4a6 £10-4-6; 4b2 en 4b7 £2-15-0; 8b1 en 8b6 £2-9-0; 3b1, 3b6, 3b2 en 3b7 £30-0-2; 11a1 en 11a6 £73; 11b2 en 11b7 £3-17-3; 6a1 £4-11-0; 11a3 en 11a8 £16-17-0; 14c6 £23, 6a £4-3-9; 13b2 en 13b7 £8-5-9; 4a3 en 4a8 £1-2-6; 9a6 £20 3b6 £23-17-10; 4a2 £12-8-7; 11b2 en 11b7 £16; 16a1 £5; 17a3 en 17a8 £14-10-4. Totaal: £357-15-11.

**Boerejeug — Gebied „A"**

JA11a1 en JA11a6 £1.

**Gebied „A"**

**Vanaf 25 April tot 25 Mei 1946:**

Kommando A: 3c8 £3-3-0; 4c1 en 4c6 £13-17-0; 13b9 £2-14-0; Vriend, Kaapstad 1/-; Mev. De Beer, Vasco 5/-; 11b3 en 11b8 £12; 13b9 £4-10-0; 1a8 £10-5-0; 1a8 £2-7-3; 1a8 £2-3-3; 9c6 £15; 4b6 £14-5-0; 17a1 £6-9-7; 5b1 £12; Vriendin, Kaapstad 10/-; 10b1 £7. Totaal: £106-10-1.

**Boerejeug — Gebied „A"**

JA1a2 2/6.

**OPBRENGS VRYHEIDSDAG**

**Gebied „B"**

Kommando B: Generaalskap B8 £6; 5b1 en b6 £4-15-0; 5b2 en b7 £10-5-0; 3c2 £3-8-6; 2c3 en c8 £22-6-6; 3c6 £5. Totaal: £51-15-0.

**Gebied „E"**

**Mei 1946:**

Kommando E: 6a2 £3-0-6; 1 £19-3-0; 1 £5-11-0; 3a8 £1-18-0; 3c6 £1-12-0; 10a2 11/-. Totaal: £31-15-6.

**Gebied „F"**

Kommando F: 4a1 5/-; 4b7 £1-2-6; 4c6 £8-13-6; 4d3 £1-1-6; 4d7 2/6; President Kruger Kultuurkring £7-10-0. Totaal: £18-15-0.

# Vakatures In Volkskas

Volkskas het verskillende vakatures vir klerikale amptenare, dames sowel as mans, waarvoor aansoeke nou ingewag word, soos ondervermeld:

(a) Beginners vir opleiding, sonder vorige ondervinding, met minstens matriek-sertifikaat en hoogstens 18 jaar oud.
(b) Mans-amptenare met vorige klerikale boekhoukundige ondervinding.
(c) Dames met of sonder kennis van tik- en snelskrif of ondervinding.

Aansoeke moet aan ondervermelde adres gerig word met vermelding van ouderdom, kwalifikasies en vorige ondervinding:

DIE HOOFBESTUURDER,
Volkskas Beperk,
Posbus 578, Pretoria.
5165

## DISTRIKSVERPLEEGSTER BENODIG

Aansoeke word hiermee gevra vir die betrekking van 'n Distriksverpleegster te Fouriesburg, O.V.S., teen 'n salaris van £15 per maand plus wasgoed en vry inwoning by inrigting, plus lewenskostetoelae.

Applikante moet tweetalig wees en kerkverband meld.

Dienste op 1 Sept. te aanvaar. Applikasies moet vergesel gaan van afskrifte van sertifikate, getuigskrifte, doop- en gesondheidsertifikate, oorspronklikes waarvan verskaf moet word wanneer daartoe versoek.

Aansoeke gemerk „Distriksverpleegster" moet ondergetekende voor of op 25 Julie bereik.

Mev. F. E. C. DU TOIT,
Fort Hampton, Fouriesburg-stasie.
5166

# AANDAG!

'n Opleidings- en Landsdiens-Laertrekking vir alle mans O.B.- en Wagoffisiere, sowel as lede van die Kommando-Wag van Gebied B, word gehou op ONS EIE TERREIN te BOESMANSRIVIERMOND (dist. Alexandria) vanaf die 16de tot die 25ste Julie. — Alle Brandwagte en Boerejeugoffisiere (seuns) is hartlik welkom.

Name van Laergangers moet voor 8 Julie aan Gebiedshoofkwartier Posbus 3128, Port Elizabeth, gerapporteer word. Laerfooie is £1-10-0 per persoon.

5163-2

DIE
Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

Byvoegsel tot Die O.B. van Woensdag, 19 Junie 1946

# Verhaal van Japie Greyling

**Was u al deur 'n politieke speurder ondervra, of het u al voor 'n militêre krygshof verskyn op een of ander aanklag weens u teenstrydige politieke oortuiging? Wat was u houding? Hoe was u gedrag?**

**En indien ons die toets nog nie deurstaan het nie, laat ons onsself plaas in die plek van 'n 10-jarige seuntjie, vir wie nie alleen die reg van verdediging ontneem is nie, maar direk in verbreking met alle menslike regte, voor 'n vuurpeloton gestel is en drie minute tyd gegee is om verraad te pleeg teenoor sy eie bloed en oortuiging, of getrou aan homself, te sterf met ses koeëls deur sy borsie.**

Tydens die Engelse oorlog het Japie Greyling, 10 jaar oud, in die bresse getree vir sy volk en 'n gewapende Britse mag gestuit.

* * *

Terwyl die hoefslae van drie wegjaende perderuiters nog in sy ore klink — perderuiters wie se identiteit hy diep in sy hartjie bewaar — en terwyl sy moeder met skaamtelose astrantheid onder kruisverhoor geneem word, haar huis van kant tot hoek deursnuffel word, is Japie (10 jaartjies oud) deur groot manne, groot offisiere en soldate van Engeland, agter om die huis, waar hy heeltemal alleen met hulle moet wees, geneem en is hy teen die deur van die waenhuis gestel.

Die soldate was bang dat die Boere hulle mag betrap; òf by die huis, òf op hulle terugtog; en uit hierdie doodsangs is die wreedste, die lafhartigste dreigemente — ter wille van hulle eie veiligheid — teen die weerlose seuntjie gemaak.

### VREES INBOESEM

Ons kan onsself voorstel hoe die haastig, beangste offisier wat enige tyd deur die Boere oorval kan word, alles in sy vermoë doen om sy gesag te toon teenoor die seuntjie en hom vrees in te boesem vir hulle wat hom omsingel.

„As jy my nie wil sê waar die Boere is nie, sal ek dat daardie ses man jou skiet!" bulder die offisier se stem.

Waar is sy moeder? Sal hy nie maar liewer na sy moeder toe vlug en by haar beskerming soek nie? As sy hulle sal sê kan hulle haar net so wel vra, want sy is tog ook immers groot soos hulle.

Maar niemand anders weet wat met hom gebeur nie, waar hy is nie. Sy Moeder is in die huis. Hy is alleen!

Maar dit was nie die Japie wat voor die Britte gestaan het nie. Hy het aan iets anders gedink en toe hy sy antwoord gee het die Britte besef dat hulle hulself voor die kilheid van 'n granietblok bevind: **Hulle was die banges, nie Japie nie!**

Hy het skelmpies opgekyk na die offisier:

„Nee, ek dink nie ek kan julle sê nie."

### NEDERLAAG

Wat 'n geweldige nederlaag vir die Britse soldate na al hul dreigemente! Maar nog nie moed verloor nie, hulle moet weet waar die Boere is, anders kan hulle dalk gevang word.

„Goed, as jy nie wil sê nie, gaan ons jou skiet."

Hy wend hom tot die sersant: „Kry jou vuurpeloton gereed, Sersant!"

Twee van die soldate vat Japie aan die arms, neem hom voor die waenhuisdeur weg, en stel hom teenoor die muur. Hulle gee pad. Die ses man wat die vuurpeloton vorm, staan gereed, drie tree van Japie af. Die trompe van hul gewere is na die grond gerig.



Japie Greyling soos hy vandag lyk.

Die offisier wend hom tot Japie. Hy is haastig: „Sê my nou gou waar jou vader se kommando is."

Geen antwoord selfs nie. Net 'n hoofskudding.

„Laai!" bulder dit weer.

Japie blik effens van die grond af op en sien hoe ses patrone in die geweerlope gedruk word. Die grendels word toegedruk.

„Lê aan!" vervolg die wrede stem.

Hulle lê aan. Japie kyk in ses geweertrompe vas.

Die dood enige oomblik . . . . sy handjies vat hy stadig agter sy ruggie saam. Hy wag . . . .

„Sê my nou gou voordat hulle skiet?"

### DIE ANTWOORD

Soos vanuit die vreemde kom tot Japie onverwags hierdie onbeskroomde lafhartige smeekbede in hierdie gewyde oomblik van heilige trou.

**Met 'n blits van veragting in sy blik, maar uit 'n wese stralende van vaderlandsliefde en toewyding, het sy oë die offisier vol in die gesig gekyk. Helder en hard het sy stemmetjie beslis:**

**„Ek SAL nie sê nie!"**

Geen man wat dit aanskou het, kan langer nog die geweer gerig hou nie. Onmagtig het die trompe weer grondwaarts gesak. Haastig het die offisier 'n tree vorentoe gegee, Japie se hand geskud, en gesê: „Ek hoop ons sal mekaar weer ontmoet."

Hulle het op hulle perde gespring en weggejaag.

Kapt. J. E. B. Seely (nou genl. lord Mottistone) skryf in sy boek, „Fear and be Slain" o.a. as volg:

„Ek was aanspreeklik vir die veiligheid van my twintig man. Ek het geweet as die seun ons nie sê in watter rigting die vyand lê nie, is ons kans om veilig na die Britse linies terug te keer van die skraalste; ons het immers geweet daar is sowat vierduisend van hulle in ons omgewing, en die son sou nounou uitkom."

En verder:

„Ek wonder of ek reg gehandel het. Niks ter wêreld sou my beweeg het om 'n haar van hierdie dapper seun se kop te beskadig nie; maar ek dink dit was te regverdig om hom te probeer verskrik om so die waarheid uit hom te kry en die lewens van my manskappe te red. **Die hele episode het minder as drie minute geduur."**

* * *

Op 25 Junie sal mnr. Jacob Johannes Greyling 56 jaar oud wees. Tans woonagtig op die plaas Sonderhout, Slabberts, Oranje-Vrystaat, waar hy duisende vrugte-, bloekom- en ander bome aangeplant het, sluit die stil en nederige maar grootse persoonlikheid — groots as ideale held van sy volksjeug — sy lewe met sy liefdevolle, opgewekte en vriendelike eggenote.

Enigeen wat die voorreg het om daar besoek af te lê sal later met dankbaarheid aan die oomblik vol liefde en geluk kan terugdink. — (F. de la R. Henning.)

### VERJAARDAGKETTING

13 JUNIE: Elna Kruger, Paarl; Martha Nel, Wilgenhoutsdrift; Mercia Kemp, Kirkwood; Elsa Mocke, Goodwood; Jannie Coetzee, Blikfontein; S. Nieuwoudt, Maribogo; Isabella Olivier, Wellington; Daniel Breed, Mamagalieskraal; Cornelus Calitz, Hoëwal.

14 JUNIE: Susarah Viviers, Clocolan; Stufinis Swart, Bocham; Willem Wentzel, Middelburg, Tvl.; Emmerentia Zietsman, Johnson; Petrus de Koker, Bulwater; Mina Pienaar, Groot-Brakrivier; Henriette Söhnge, Stellenbosch; Edward Sharpe, Oudtshoorn.

15 JUNIE: Leonora Liebenberg, Eppingtuindorp; Villicia de Kok, Stellenbosch; Jeanette van Rensburg, Grootpan.

16 JUNIE: Hendrik Venter, Potsdam; Aletha Cloete, Zeerust; Frans Coetzee, Middelburg, Tvl.; Rencke Venter, Mamagalieskraal; Johanna Nel, Marquard; Magrieta van Rensburg, Eppingtuindorp; P. Nell, Somerset-Oos; Hermina Uys, Parow; Maria Nortje, Gemsbokvlakte; Adriane van der Merwe, Carnarvon; Adriaan van der Westhuizen, Kakamas-Oos; Hester Goosen, Wellington; Anna Booysens, Cedarville.

17 JUNIE: Jan van Greunen, Kirkwood; Donovan La-Cock, Goodwood; Charlotte Holloway, Strand; Louis Pick, Kaapstad; Jacoba Oberholzer, Marchand; Engela Holloway, Strand; Hester van Rooyen, Aughrabies; Susanna du Toit, Vaalkop; Petronella Kruger, Koster; Ester Nel, Marquard.

18 JUNIE: Maria Smith, Duiwekop-Landgoed; Daphne van Eck, Port Elizabeth; Sarel van der Walt, Port Elizabeth; Anna Theart, Woodstock; Ignatius van Rooyen, Robertson; Susanna Kriel, Maribogo; Maria Myburgh, Maribogo.

19 JUNIE: Dedrika Theron, Sutherland; Stephanus Cilliers, Plumstead; Maria Smidt, Tiervlei; Hester Coetzee, Beaufort-Wes; Leon Hollander, Somerset- Wet; Maria Hollander, Somerset-Wes; Elsa Bosman, Kuilsrivier; Erasmus Smit, Wilgenhoutsdrift; Sonetta Coertze, Stellenbosch; Hella Roodt, Corona; Willem Oosthuizen, Johannesburg; Wellem Oosthuizen, Dendron.

## SPOORSNY




## Toets U Kennis Van Plaas en Stad

IV.

1. Dra 'n vyeboom blomme?
2. Noem die verskillende hoofstede in die Unie en elkeen se funksie.
3. Noem die naam van ons eie inheemse beesras.
4. In watter opsig oortref hy alle ander beesrasse in S.A.?
5. Noem die rykste goudstad en diamantstad in die wêreld.
6. Wie is die eerste burger in 'n dorp of stad?
7. Watter voël lê 'n blou-, 'n gespikkelde-, en 'n wit eier? (Een voorbeeld van elk.)
8. Aan wie moet 'n mens jou klagte in 'n dorp rig as jou buurman se agterplaas onwelriekende geure versprei?
9. Noem 'n onkruid en dieresiekte wat u volgens wet verplig word om aan te meld en te bestry.
10. In watter tydsbestek moet 'n geboorte en sterfgeval geregistreer word?

(Antwoorde moet Boerejeughoofkwartier voor 4 Julie bereik.)

**Antwoorde: Toets III.**

1. C. J. Langenhoven.
2. Carmen, Gideon Roos.
3. Gerard Moerdyk.
4. Anton van Wouw.
5. E. Eybers, N. P. van Wyk Louw, Uys Krige, C. M. van den Heever, Gustav Preller.
6. Maggie Loubscher, Genl. J. A. Smith.
7. „Die Bou van 'n Nasie".
8. Hendrik Hanekom.
9. Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings. Die F.A.K.-sangbundel.
10. Volkspele.




**Meer as 1,000 Eksemplare Ontvang**

**6/6 STUK POSVRY**

'n Paar van die Titels:

GOETHE: Faust — 250 bladsye.
JOHN STEINBECK: Tortilla Flat — 317 bladsye
CHARLOTTE BRONTË: Jane Eyre — 494 bladsye
DOSTOYEVSKY: Crime and Punishment — 531 bladsye
ANDRÉ MAUROIS: Disraeli — 377 bladsye
W. H. HUDSON: Green Mansions — 254 bladsye
N. HAWTHORNE: The Scarlet Letter – 303 bladsye
THE MEMOIRS OF CASANOVA — 492 bladsye
THACKERY — Vanity Fair — 784 bladsye

**VRA OM LYS VAN MEER AS 100 TITELS VAN HIERDIE WELBEKENDE REEKS. DIE UITSOEK-BOEKE VAN DIE WêRELD SE BESTE BOEKE.**

**Ander Nuwe Boeke!**
BENNETT CERF: Laughing Stock — 6/6 posvry (600 grappe van alle soorte)
WILL JAMES: Flint Spears Cowboy Rodeo Contestants . . . . . . . . . . . . . . 6/6 posvry

**ONS HET 'N GROOT VOORRAAD ENGELSE EN AMERIKAANSE BOEKE — VRA OM LYSTE**

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL**
POSBUS 29 STELLENBOSCH

## Legioen Vaar Swak In Stryd Teen O.B.

Nadat die kommunistiesgeoriënteerde Springboklegioen 'n hele week lank 'n propagandaveldtog geloods het vir die vergadering wat hulle verlede Woensdagaand in die Kaapstadse stadsaal gehou het om die verbanning van die Ossewabrandwag en Gryshemde te eis, moes sprekers hul teleurstelling uitspreek oor die klein gehoor wat slegs 'n gedeelte van die saal gevul het.

Nieteenstaande die feit dat die hele Kaapstad deur hul plakkate ontsier was en dat hulle elke dag deur middel van luidsprekers hul vergadering aangekondig het, kon die Springboklegioen met sy Joodse leiers nie daarin slaag om die geesdrif van die publiek aan te blaas vir hul poging om „fascisme" uit te delg nie.

Die blankes in die saal was meer verteenwoordigend van Jerusalem as van Kaapstad. Dit was duidelik onder watter deel van die inwoners hierdie kampvegters van „Demokrasie" hul ondersteuning getrek het. Die res van die gehoor het bestaan uit nie-blankes. Telkens moes dronk persone uit die saal verwyder word.

Wanneer deur die sprekers verwys is na euwels wat in Duitsland en Italië sou bestaan het is hulle soms in die rede geval met uitroepe in Engels van; „En in Rusland"!

Aan die einde van die vergadering is 'n voorstel ingedien wat die regering versoek om met die eerste en beste geleentheid wetgewing aan te neem om die Ossewabrandwag en die Gryshemde as onwettige organisasies te verklaar.

Toe die gehoor opstaan om hul ondersteuning aan die voorstel te gee, het etlike persone bly sit.

# Vyfde Kolonne in Sjina



Troepe van die Sjinese kommunistiese leër. Let op die offisier regs voor met die kaalvoete.

# Kleindogter van Koningin Victoria is 'n Nazi

Die Hertogin van Hesse, kleindogter van koningin Victoria — die Britse koningin wat verantwoordelik was vir die oorlog teen die Boererepublieke — het aan 'n korrespondent van die Cape Argus verklaar dat sy 'n Nazi is en dat sy nie skaam is om dit te sê nie.

Hierdie kleindogter van Koningin Victoria woon tans in 'n klein plaashuisie in die nabyheid van Frankfurt, Duitsland, waar sy net een kamer tot haar beskikking het. Sy is 74 jaar oud.

Toe die Amerikaners die land beset het, het hulle haar uit haar kasteel verdryf en haar bediendes vir hulle self gevat. Van die kasteel is 'n offisiersklub gemaak. Hulle het haar net drie uur tyd gegee om haar woning te verlaat en sy moes toe haar intrek in die plaashuisie neem. Haar juwele, wat alles erfgoedere was, is deur die Amerikaners gesteel. Sy het onlangs berig ontvang dat dit in Amerika is.

„Ek hoop om dit terug te ontvang," het sy aan die korrespondent gesê.

Onderwyl sy vriendelik geglimlag het, het sy verklaar: „Hulle het my daarvan beskuldig dat ek 'n Nazi was. En ek was dit. My hele familie was lede van die Naziparty en ek is nie skaam om dit te sê nie."

## Dr. Malan

Die gekose komitee wat ondersoek ingestel het na dr. Malan se verhouding tot die Duitsers aan die begin van die oorlog, het sy verslag uitgebring kort voor ons ter perse gegaan het.

## Uitwerking van O.B.-Veldtog

Die duisende vlugskrifte wat van O.B.-kant teen die kommuniste die afgelope week in Kaapstad versprei is, is deur sommige lede van die publiek genoem as oorsaak vir die mislukking van die Springboklegioen se „anti-fascistiese" veldtog. Daar was so'n groot vraag na hierdie vlugskrifte, wat gretig deur Afrikaans- sowel as Engelssprekendes gelees is, dat 'n verdere bestelling by die drukkers geplaas moes word.

'n Oud-lid van die Springboklegioen, 'n Engelssprekende, het hom by die O.B.-veldtog aangesluit en in teenwoordigheid van die Legioen se sprekers verkondig dat hy 'n lid van die organisasie was, maar genoeg daarvan te wete gekom en bedank het. Dit is geen oud-soldate-organisasie meer nie, maar 'n politieke beweging.

### TIENMAAL STERKER

In vergelyking met hul vooroorlogse sterkte het die kommuniste in Europa geweldig vordering gedurende die oorlog gemaak en hul gryparms al verder en verder uitgebrei. . . .

Die Kommunistiese Party in België, Finland, Noorweë en Denemarke is tien keer so sterk as voor die oorlog, aldus die Kommunistiese blad World News and Views.

## Pensioen Vir Dapper Vrou

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die parlement is daar aan 'n vrou wat deelgeneem het aan die Tweede Vryheidsoorlog, 'n oudstryderspensioen toegeken. Die bedrag van £90 per jaar is toegesê aan mev. O. Snyman (Sarah Raal), skryfster van „Met die Boere in die Veld".

Met die uitbreek van die Engelse Oorlog, het mev. Snyman, wat toe 24 jaar oud was, saam met die Boeremagte onder genl. Hertzog uitgetrek en aan verskillende gevegte deelgeneem. Sy is gewond maar het weer herstel. In Desember 1901 is sy deur die vyand gevange geneem en in die kamp by Kroonstad bewaak.

Haar eggenoot het haar vier jaar gelede ontval.

## Amptenare Kry Geen Gehoor

Die Aksiekomitee van die Vereniging van Staatsamptenare het 'n nuwe poging aangewend om hul saak in die Volksraad te verdedig. 'n Telegram is aan mnr. P. V. Pocock, L.V., gerig waarin hy gevra is om 'n versoekskrif voor die Volksraad te lê sodat die raad kan besluit of hulle die amptenare wil hoor. Mnr. A. J. Werth, L.V., is versoek om hierdie voorstel te steun. In antwoord op hul versoek het mnr. Pocock hulle meegedeel dat hy so 'n voorstel nie voor die raad kan lê nie omdat dit teen die reëls van die huis is dat 'n parlementslid namens 'n ander 'n petisie indien.

'n Paar weke gelede is aan die Indiërs die reg verleen om hul saak voor die senaat persoonlik te verdedig teen die Indiërwetgewing.

VRA BY SPOORWEGBOEKSTALLE VIR

WAPENSKOU

WEEKLIKSE NUUSTYDSKRIF

Intekening 12/6 per jaar by Wapenskou, Bus 28, Stellenbosch.



GEKLEUR VIR NUWE DIENS

KLEURSPESIALITEITE

PAARL STOOMWASSERY

★ WAS
★ KLEUR
★ DROOG-SKOONMAAK

Posbus 35 Foon 214

DIE PAARL

HUGENOOTSTASIE

(Goedere Halftarief)

(2)

Diens—

Ten spyte van die betreklik onlangse toetreding van Volkskas tot die bankwese, het hoogstaande diens

—en Vooruitgang

reeds kenmerkend van hierdie progressiewe handelsbank geword.

Die hoogstaande diens, insluitende beleggingsfasiliteite teen aantreklike rentekoerse, is tot u beskikking.

Alle takbestuurders sal u met genoeë van volle besonderhede voorsien en u navrae word verwelkom.

VOLKSKAS BEPERK

| | | |
|---|---|---|
| Gemagtigde Kapitaal | .. | £1,000,000 |
| Ingeskrewe Kapitaal | .. | £1,000,000 |
| Gestorte Kapitaal | .. | £794,961 |
| Deposito's oorskry | .. | £9,000,000 |

ARBEIDSAAMHEID

BANKIERS.

Hoofkantoor: PRETORIA